

HOOFSTUK V

INTERNE SENSUUR

Dit sou 'n ernstige mistasting wees as van die standpunt uitgegaan word dat daar noodwendig sensuur wat deur die staat op die pers toegepas word, moet wees om 'n hoë sedelike peil in geskifte te handhaaf en die staatsveiligheid te waarborg. Alle joernaliste, selfs nie 'n meerderheid nie, is nie pornografiesmouse of sensasieskrywers wat geen lor om die staatsveiligheid gee nie. Die teendeel is trouens waar: in Suid-Afrika is die meeste joernaliste ongeag hul politieke oortuiginge eerbare manne en vroue. Wat meer is, die waardevolste „sensuur” met betrekking tot sowel die goeie sede as die staatsveiligheid is daardie „sensuur” wat deur verantwoordelike persmanne self toegepas word, soos later aangetoon sal word.

Die probleem in hierdie verband is egter dit: dit lê voor die hand dat selfs 'n klein minderheid wat nie aan die hoë eise van die positiewe joernalistiek kan voldoen nie, wel in staat is om groot skade aan te rig, binnenslands sowel as in die buiteland. Hieroor later meer.

Voordat 'n poging aangewend word om tot 'n bevinding te geraak oor die vraag of staatsensuur in die geval van Suid-Afrika oorbodig dan wel nodig is, is dit noodsaaklik om aan die hand van veral Suid-Afrikaanse perspraktyke te probeer vasstel hoe ver die interne sensuur van die pers wel strek en of dit in die omstandighede voldoende is om optrede deur die staat onnodig te maak of tot die allergeringste minimum te beperk.

By alle kommunikasie-media van betekenis word „keuring” - by die persmense self is daar 'n toenemende neiging om dit in bepaalde omstandighede interne sensuur te noem, soos later in hierdie hoofstuk sal blyk - voor publikasie, uitsending of vertoning toegepas. Dit is geen nuwe verskynsel nie, maar, vir sover dit die koerant betref, so oud soos die nuusblad self. In hierdie verband skryf Baschwitz: „De kranten zelf waren gedurende de geheele 17e eeuw zuiver nieuwsbladen. Zij brachten bijna alleen mededeeling van gebeurtenissen uit het buitenland en uit het binnenland berichtten zij slechts datgene, wat de regering haar als officieel tekst deed toekomen.”⁽¹⁾ Die Weekely Nevves, Brittanje se eerste gereelde weekblad, se eerste uitgawe, 23 Mei 1622, het bv. geen enkele nuusbroskie uit Brittanje self bevat nie, wel „nevves from Italy, Germanie, Hungaria, Bohemia, the Palatinate, France and

(1) Baschwitz, p. 58.

the Low Countries," alles „translated out of the Low Dutch Copie.”⁽²⁾ Die aanhaling uit Baschwitz laat blyk waarom - vrees vir die sensuurmaatreëls van die owerheid. In die vorige hoofstukke is aangetoon hoe hierdie vrees vir die owerheid aan die kant van die pers en agterdog jeens die pers by die owerheid deur die eeue heen nooit werklik verdwyn het nie.

Ten einde interne sensuur behoorlik te begryp, is dit miskien nodig om 'n saaklike uiteensetting te gee van die gangbare publikasiepraktyk.

Die Boek:

Geen boek van betekenis word in Suid-Afrika - en elders in die wêreld - „ongesensor” gepubliseer nie. Wanneer 'n manuskrip ontvang word, vrywillig toegesend of op bestelling, word dit deur die uitgewer aan 'n verskeidenheid toetse onderwerp wat basies op sensuur neerkom. Dit word gedoen of die uitgewer vir eie gewin of as agent van die staat publiseer.

By die partikuliere uitgewer by wie die winsmotief geld, word meesal allereers gelet op die vraag of die boek wanneer dit verskyn, 'n goeie verkoper sal wees, of dit nou 'n digbundel dan wel 'n handboek is wat moontlik of waarskynlik vir bv. skoolgebruik voorgeskryf sal word. Is die uitgewer nie daarvan oortuig dat 'n boek winsgewend gepubliseer kan word nie, word publikasie sonder meer geweier of anders word die skrywer van die manuskrip versoek om sy manuskrip te wysig.

Deurstaan 'n manuskrip die ekonomiese toets, volg verskeie ander. Dieselfde of 'n ander ^{of keurder} keurder werk die manuskrip vervolgens deur ten einde die taalgebruik, ^{of ander sake} te kontroleer. Hierdie vorm van „sensuur” word toegepas om te verseker dat lesers nie aan platvloerse woorde en uitdrukkinge aanstoot neem nie, dat die werk aan die gebruikelike estetiese en etiese norme beantwoord, nie godsdienstige, selfs politieke gevoelens, onnodig kwets nie, kortom vir so 'n wye leserspubliek as moontlik aanneemlik en aangenaam sal wees. In hierdie proses word manuskripte soms byna onherkenbaar omgewerk, dikwels heeltemal herskryf.

Maar daarmee is die interne „sensuur” nie afgehandel nie. 'n Manuskrip word dikwels aan 'n regsgeleerde vir beoordeling voorgelê, en wel met die oog op die moontlikheid dat dit lasterlik is of by wet verbode stof bevat.

Staatsagente en -amptenare pas „sensuur” op hul publikasies met nog 'n bykomende oogmerk toe: regeringsbeleid. Geen regering, selfs nie 'n diktatuur nie, is geneë om onnodig steun van kiesers of staatsburgers te verbeur nie. Om die rede bevat staatspublikasies selde stof wat as kritiek op die regering be-

(2) Van der Meulen, p. 175.

skou kan word.

Die Koerant:

By die koerant begin die interne sensuur reeds by die beleidsformuleringe van die direksie. Die meeste Suid-Afrikaanse koerante is om politieke oorweginge gestig⁽³⁾ of steun uit eie beweging een of ander politieke party in ruil vir die steun van daardie party.⁽⁴⁾ Hierdie partygebondenheid is heeltemal openlik erken in die hoofartikel van die eerste uitgawe van Die Transvaler wat gelui het: „Die Transvaler kom met 'n roeping - hy kom om 'n volk te dien deur die geluid van troue en verhewe nasionalisme te laat weerklink waar sy stem ook reik.“⁽⁵⁾

Voorts: „Die Burger is 'n voorbeeld van 'n koerant wat gestig is, nie in die eerste plaas as kommersiële onderneming nie, maar heeltemal openlik as 'n opinieblad met 'n duidelike politieke koers, dié van die toe nog klein Nasionale Pers.“⁽⁶⁾

En verder: „Weer kan ek wys op die geluk wat ons gehad het dat ons eerste redakteur die predikant Malan was, wat op die kansel geleer het dat 'n goeie boodskap in die begin uiteraard maar deur 'n minderheid aanvaar word. Dit is 'n kenmerk van Die Burger se beleid deur die jare, soos dit is van ander kwaliteitskoerante, dat hy vir goeie sake wat eers onpopulêr was, geveg het totdat hulle populêr geword het. Noudat ons byvoorbeeld die republiek het, besef ons nie aldae watter onpopulêre beweging die republikaanisme in die verlede was nie.“⁽⁷⁾

Hierdie politieke verbintenis tussen party en koerant geld nie net die Afrikaanse koerante nie. In The Forum van 12 Junie 1948 word bv. oor die so-genaamd onafhanklike Engelstalige pers geskryf: „Since the election, of course, sections of the English Press have revealed such an abysmal ignorance of South African politics that they are well on their way to estranging the United Party from every Afrikaans-speaking voter.“⁽⁸⁾

Oor hul gebondenheid is die Engelstalige persmanne egter lank nie so open-

(3) Scannell, J.P., Keeronstraat 30 (versamelwerk) p. 2.

(4) Malan, M.P.A., Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p. 174-176.

(5) Die Transvaler, 1 Oktober 1937.

(6) Cillie, P.J., Die beleid van 'n koerant (manuskrip) p. 12.

(7) Ibid, p. 14.

(8) McCord, J.J. The South African Struggle, p. 366.

hartig soos Cillie nie. Die volgende aanhaling spreek vir homself:

„Are journalists told what to write? Are editors told what policy to pursue?

„The answer, of course, is an emphatic 'NO!' In all my experience as a journalist I do not recollect a single instance when I was told what to write.

„A man can be fired for what he has written. But never, never will he be told what to write, or what not to write.

„Which means, of course, that that emphatic NO is not the whole answer - far from it! By itself, it is a most misleading answer. If I were asked to give a complete answer in the fewest possible words, I would say: 'No - but.....'

„What I mean when I use the word 'but' is that an editor is never told BUT he had better know.....Editors and journalists are never told. The image of a journalism in which journalists are free to write as they please is one of the most jealously guarded possessions of some sections of the newspaper industry. Once that image has been destroyed, that is the end of public faith in that press and hence of the power of that press. What is even more important - the editor must at all times believe that he is perfectly free."⁽⁹⁾

Oor dié vryheid van die joernalis is mnr. Benson openlik sinies: „A reporter's copy can be and very often is so mangled by the sub-editors that he can hardly recognise his own brain child when it appears in print. All copy, including leading articles, is subject to revision and it is the responsibility of the editor to see that nothing goes into the paper that does not conform to his policy.

„Since he is the person who takes the rap it is only natural that he does not let all the members of his staff write as they please.

„On the other hand, the more closely any journalist is able to identify himself with the newspaper's policy, the less his copy will have to be amended, and the 'freer' he will be. In other words, on any newspaper anywhere, the journalist nearly always finds his freedom in conformity."⁽¹⁰⁾

Ongeoorloofde Interne Sensuur:

Hierdie partygebondenheid werk al dadelik deur tot die keuse van die stof wat die betrokke koerant gaan publiseer, en wat nie. Dit ontaard dikwels in sensuur deur verswyging. In sy verweer teen n aanklag wat mnr. E.G. Malan by

(9) Benson, Ivor, The Press and public opinion, p. 20.

(10) Ibid.

die Persverwysingsraad ingedien het, is namens Die Transvaler verklaar dat „Die Transvaler ’n nuusblad is en nie ’n propaganda-orgaan van die Verenigde Party om sy propaganda-stof te verkondig nie.”⁽¹¹⁾ Die Persverwysingsraad het hierdie verweer verwerp en beslis: „Dit was nie ’n objektiewe verslag van die toespraak nie, maar ’n onredelike mengsel van kommentaar en nuus. So ’n gebruik ontnem koerantlesers die geleentheid om politieke kommentaar behoorlik te begryp.”⁽¹²⁾ In die gedragskode van die N.P.U. word die norm by nuusaanbieding soos volg geformuleer: „Wat nuus betref, word spesifiek aanvaar dat in die aanbieding van nuus daar geen opsetlike afwyking van die feite moet wees nie deur (i) verdraaiing, (ii) betekenisvolle weglatings, (iii) die proses van opsomming.”⁽¹³⁾

Die teenhanger van hierdie vorm van verswyging is oorbeklemtoning deur „onthulling” in die loop van sogenaamde perskruistogte. Die Amerikaanse joernalis Lincoln Steffens verklaar bv. dat „a crusader may create a crime wave when none exists.”⁽¹⁴⁾ Van hierdie kruistogte sê Dozier Cade, ook ’n bekende Amerikaanse joernalis: „When the crusade degenerates into a witch hunt, the press performs a disservice rather than a service.”⁽¹⁵⁾ Hierdie tweeloop-neiging word soos volg deur die skrywers Wolseley en Campbell saamgevat: „Republicans want the sins of the Democrats exposed, not their own. Liberals want the sins of conservatives exposed, not their own, chambers of commerce and civic organizations want the sins of other communities exposed, not their own.”⁽¹⁶⁾

Afgesien van die moontlikheid dat ’n oordrewe beleid van vir of teen tot ongeoorloofde weglating of ewe ongeoorloofde oorbeklemtoning kan lei, bly dit ’n feit dat die koerant deur mense uitgegee word, mense met voorliefdes, voorkeure, liefde, teensin, selfs haat. Dikwels lei dit tot die aanbieding van nuus waarvan dr. William G. Mather sê: „Interpretation or doctoring of the news by the reporter's typewriter or the editor's pencil is repugnant. It smacks of trickery and deceit on the level of dirtying the water in the old village well.”⁽¹⁷⁾

In die moderne politieke joernalistiek bepaal die voorkeure van die redakteur, die nuusredakteur en die hoofsubredakteur in die besonder watter vergade-

(11) S.A. Persverwysingsraad, Erste Periodieke Verslag, p. 17.

(12) Ibid.

(13) Ibid, p. 22.

(14) Wolseley and Campbell, Exploring Journalism, p. 49.

(15) Ibid.

(16) Ibid.

(17) MacDougall, C.D., Interpretative reporting, p. 17.

rings van watter partye gedek sal word, watter nuus voorrang sal geniet en watter nuus weggesteek gaan word. In uiterste gevalle geskied wat Hamilton Thornton, toenmalige assistent-redakteur van die Globe-Democrat van St.Louis, in 'n toespraak voor die persvereniging van Tennessee gesê het: „Some city rooms are just a little careless about facts. Some are frankly intolerant of objectivity, consider it definitely old hat. Reporters and editors in such offices often take a set of facts, floss them up and distort their meaning to whomp out a juicier story. Or they might jump nimbly from facts to a conclusion they feel will make a more sensational lead. Sometimes the conclusion is right, quite as often it can be wrong. In either case it is not reporting.”⁽¹⁸⁾

Negatiewe benadering:

Hoe hulle in ander opsigte ook al van mekaar en met mekaar verskil, is daar nêrens 'n voorbeeld te vind van 'n verantwoordelike Suid-Afrikaanse koerant wat staatsensuur in vredestryd bepleit het nie. „Koerante sorg daarvoor dat sensorskap soos 'n boemerang werk teen die regering wat dit oplê,” is die bevestiging van Ivor Benson in 'n radiopraatjie wat op 9 Maart 1964 uitgesaai is.⁽¹⁹⁾

Benson, wat einde 1965 sensor in Rhodesië ná die eensydige onafhanklikheidsverklaring van mnr. Ian Smith geword, maar na 'n paar maande bedank het,⁽²⁰⁾ het in sy voormelde radiopraatjie die volgende beeld van sensuur in Suid-Afrika voorgehang:

„Dus is staatsensorskap van nuus iets wat die meeste regerings vermy - meestal. Daar is selde regverdiging voor, behalwe in die geval van 'n nasionale noodtoestand, bv. oorlog.

„Wat veel gevaarliker en op die ou end skadeliker is, is 'n ander soort nuussensorskap wat byna altyd ongemerk bly.

„Dit is die private sensorskap of beheer - noem dit wat u wil - wat elke koerant op die nuus van die dag kan toepas en wat sekere nuusagentskappe kan toepas as hulle wil, en hulle doen dit ook.

„Hier het ons nie skoon velle papier, nie gapings in die gedrukte berigte, sodat die leser kan weet party van die nuus word teruggehou nie. Nie een reël van die setsel is weg nie - al wat weg is, is 'n gedeelte van die nuus.

„Die redakteur van 'n koerant, wanneer hy besluit wat gepubliseer en wat weggelaat moet word, pas outomaties sy eie stelsel van nuussensorskap toe. Hy

(18) Editor and Publisher, 7 Feb. 1953, aangehaal in Interpretative Reporting, p. 17.

(19) Benson, Ivor, Die vraagstuk van 'n gebonde pers, p. 7.

(20) Benson was in 1965 ingevolge 'n kontrak verbonde aan die Rhodesiese sensuurpersoneel.

kan dinge wat onbelangrik of nie ter sake is nie, sensor. Of hy kan die nuus sensor waarvan hy nie hou nie. Wat gewoonlik gebeur, is dat hy die nuus waarvan hy nie hou nie, sal verwerp as onbelangrik of nie ter sake nie - of miskien lelik en iets wat 'n mens nie lees nie.

„Die leser kan dan sien wat gedruk is, maar hoe moet hy nou weet wat wegelaat is of nie eers die moeite werd geag is om te berig nie?“⁽²¹⁾

Nadat Benson in hierdie verband verwys het na 'n belangrike parlementêre verklaring oor Swaziland wat nie in druk verskyn het nie, laat hy hom soos volg uit:

„Suid-Afrikaanse koerante wat baie gunstig gesind is teenoor dié veelrasige Swazilandse party, stel baie belang in en soek altyd na nuus wat die belange van daardie party bevorder en hulle voel altyd 'n bietjie verveeld, om die minste daarvan te sê, met enige berig wat sy teenstanders aanhelp.

„Met ander woorde, mense wat die gedagte van enige vorm van amptelike nuusensorskap verafsku, pas dit self toe - of iets soortgelyks - met 'n volkome skoon gewete, miskien selfs met 'n warm gloed van deugsaamheid.“⁽²²⁾

Met nog een aanhaling in hierdie verband kan volstaan word:

„Een van ons Suid-Afrikaanse koerante het 'n held gemaak van 'n Bantoe-politieke leier noord van ons. Die beeld van hom wat aan hierdie koerant se lesers aangebied is, is dié van 'n vroom man. Hulle het ook al van hom gesê: ‚Hierdie sagte mens.‘

„Nouja, die onsigbare sensorskap het u dit gespaar om 'n paar skokkende foto's te sien van gebeurtenisse op 'n massavergadering wat onlangs deur ‚hierdie sagte mens‘ toegespreek is. Daardie prente het in sekere Britse koerante verskyn, maar nie in Suid-Afrika nie.

„Nuus uit Suid-Afrika word op dieselfde geheimsinnige manier gesensor, soos elke hardwerkende ‚stringer‘ weet. Berigte wat daarop gemik is om haat teen Suid-Afrika te stook, kry die hoogste pryse en die aanvraag na hulle is onversadigbaar. Berigte wat Suid-Afrika in 'n goeie lig toon, word selde gebruik. Die ‚stringer‘ wat sy sake ken, neem die wenk en bespaar hom baie vergeefse arbeid.

„Is dit 'n minder skadelike vorm van sensorskap as wat soms deur 'n regering opgelê word? Dit is sekerlik meer effektief, meer doeltreffend.“⁽²³⁾

Ervare joernaliste weet presies wat die trefwydte is van bostaande aanha-

(21) Benson, Die vraagstuk van 'n gebonde pers, p. 7, 8.

(22) Ibid, p. 8.

(23) Ibid, p. 10.

ling, maar ter wille van volkome duidelikheid word hier 'n aanhaling uit 'n politieke artikel⁽²⁴⁾ deur mnr. S.W. Pienaar, redakteur van Die Beeld, bekend as een van die skerpsinnigste politieke skrywers in die Republiek, aangehaal. Mnr. Pienaar het op 13 Maart 1966 soos volg geskryf:

„Ten slotte het Suid-Afrika dan hier vlak voor die verkiesing 'n perssensor gekry, daardie euwle gedierte wie se koms die opposisie so lank reeds in die vooruitsig gestel het.

„Hierdie sensor se werk is om berigte uit Rhodesië te sensureer.

„Ironies genoeg het die Regering hom nie aangestel nie. En nog meer ironies, hy is aangestel deur die Argus-maatskappy, juis daardie maatskappy wat die he-mele ten getuie roep dat mnr. Smith sensors aangestel het om berigte in Rhodesië se Argus-koerante te 'dokter'.

„Die sensor van wie ons nou praat, sit in die redaksiekantore van die Star in Johannesburg.

„Kom ons kyk na 'n pragvoorbeeld van sy werk. Hier volg deel van 'n berig oor sanksies in Rhodesië soos die Star dit oorspronklik ontvang het, en ek dui die dele aan wat die Star se sensor uitgesny het, in skuins druk aan (onderstreep)

„DUIDELIK

„Die berig lui:

„ ‚Dit is nou oorvloedig duidelik dat die Britse regering misluk het in sy aanvangsoogmerk om 'n ineenstorting deur middel van ekonomiese sanksies te verkry. Die vooruitsigte dat so 'n beleid op die lange duur sal werk, is ewe gering.

„ ‚Die ekonomie van die land het beslis gely en die gevolge sal nog jare lank gevoel word. Maar die oogmerk was om mnr. Smith U.D.I. te laat prysgee, en in hierdie opsig het mnr. Wilson die kol volkome gemis.

„ ‚Die olieverbod val in 'n ander klas, Dit kan nie beskou word as 'n deel van die beleid van handelsanksies nie, maar dit wil voorkom asof mnr. Wilson weer onbesonne was.....'

„AANKLAG

„Die weglating van die dele in skuins druk maak 'n berig wat sterk gunstig is vir Rhodesië en sterk ongunstig vir mnr. Wilson, minder gunstig vir Rhodesië en minder ongunstig vir mnr. Wilson.

„Die Star het teen die Rhodesiese sensors die skerpe aanklag ingebring dat hulle vervals deur weglating. Wat, wonder ek, sou die Star sê dat sy eie sen-

(24) Pienaar, S.W., in Die Beeld, 13 Maart 1966.

sor in hierdie geval gedoen het?

„VERMINK

„Eintlik is die saak nog ernstiger as wat uit bostaande blyk. Van wie, meen u, is die berig afkomstig wat die Star so „reggesien' het? Van die een of ander pro-Smith-ekstremis wat volgens die Star se oortuiging geneig is om nuus ten gunste van Rhodesië te verdraai?

„Verkeerd geraai. Dit kom uit Salisbury van „The Star's Africa News Service', joernaliste in diens van die Argus-maatskappy wat juis oor Rhodesië deskundig is. Maar die sensor in Johannesburg vermink hul berig.

„Nou gee ek toe dat geen koerant verplig is om alle berigte te glo wat hy ontvang nie, al kom dit ook van sy eie mense. Hy kan enige berig in die snippermandjie gooi as hy aan die feite daarin of die strekking daarvan twyfel. Dis sy volle reg. Maar wat hy nie durf doen nie - en dit is wat die Star in hierdie geval gedoen het - is om die strekking van die berig te verander en dit tog te gebruik as afkomstig uit die bron wat hy aandui.

„Daarvoor is daar in die joernalistiek 'n baie lelike naam.

„GESLUIMER

„Hoe ek hierdie sondes van die Star alles so presies weet? Die simpele skape het dit self ten toon gesprei vir iedere opmerksame om raak te sien. Die oorspronklike berig het Donderdagmiddag, toe die sensor gesluimer het, in die Star se vroeë uitgawe verskyn. Die gesensureerde berig was in die laat uitgawe.

„Nog 'n interessantheid in hierdie verband: die eerste berig was onder die opskrif 'Sanctions in Rhodesia have failed'. en die tweede onder 'Sanctions in Rhodesia seem a failure'.

„SY KODE

„Twee keer in twee weke het ek in hierdie rubriek gevra dat die Star misleidende kommentaar in hoofartikels vir sy lesers regstel. Hy het dit nie gedoen nie. Sy kode is anders.

„Hierdie keer gaan dit oor nuus wat anders gepubliseer word as wat dit ontvang is, en hierdie keer vra ek niks. Dalk is dit ook maar binne sy kode.”

Slotsom:

Hierdie sensuurmeganisme is in werklikheid in die redaksiekantoor van elke koerant, tydskrif, radio- of ander nuusdiens ingebou juis omdat dit vir goeie joernalistiek onontbeerlik is. Uit eie ervaring weet elke joernalis dat:

(i) Die moderne neiging in die perswese meer en meer is om die redakteur tot groot hoogte van sy pligte as hoofartikelskrywer en politieke kommentator los

te maak, sodat hy, behalwe vir leiding op hierdie gebied, tyd kan hê om aandag aan sekere gedeeltes van die nuus, meesal die ideologiese nuus, te kan skenk. Van sy persoonlikheid, onkreukbaarheid, oortuiginge en voorliefdes hang dus af in watter mate sy koerant ongeoorloofde nuussensuur gaan toepas of nie.

Cillie stel hierdie klemverskuiwing in die funksie van die redakteur aan die hand van die voorbeeld van dr. D.F. Malan, eerste redakteur van Die Burger, soos volg: „Die eienaardigheid is dat hy nooit ’n redakteur in die moderne sin van die woord was nie. Hy het die veelvuldige belangstellings en dienste wat ’n koerant moet hê, grootliks aan ander oorgelaat en hoofsaaklik gekonsentreer op die skrywe van hoofartikels.“⁽²⁵⁾

(ii) Die nuusredakteur, afgesien van enkele regstreekse opdragte wat hy van die redakteur ontvang, self besluit na watter vergaderings, funksies en gebeurtenisse hy verslaggewers gaan stuur. Sy persoonlikheid, onkreukbaarheid, oortuiginge en voorliefdes gaan dus oorwegend sy opdragte aan sy verslaggewers bepaal.

(iii) Die verslaggewers sonder uitsondering eie meninge oor die nuuswaardigheid van ’n geleentheid waaroor hulle verslag moet skryf, daarop nahou en dat ook hulle deur eie oortuiginge en voorliefdes gelei word by hul besluite oor wat hulle in hul berigte wil aanbied, natuurlik binne die raamwerk van die redakteur en direksie se beleid.

(iv) Dat die subredakteur, aan wie die finale keuring en versorging van die berig opgedra word, slegs in ’n mate aan opdragte van bo gebind is en ook aan eie oortuiginge en voorliefdes in hoë mate vrye spel kan gee met betrekking tot woordkeuse, lengte van die berig, beklemtoning, weglating, prominensie by plasing, die strekking van die opskrif, die keuse van die lettertipes waarin die opskrif en die berig geset moet word e.d.m.

Positief aangewend, lei hierdie masjinerie tot goeie beriggewing en redigering, die weglating van die onbenullige, die beklemtoning van die deugdelike, die keuse van wat waardevol bo wat waardeloos is, die weglating van werklike aanstootlikhede, goeie aanbieding en die prominente plasing van die werklik belangrike. Negatief aangewend, lei dit tot oordrewe subjektiviteit, eensydigheid en onbetroubaarheid.

Kort gestel: die redigeerstelsel wat op die moderne koerant of ander nuusmedium in gebruik is, is noodsaaklik vir goeie redigering, maar kan ewe maklik

(25) Cillie, P.J., Die beleid van ’n koerant, p. 12.

as volslae ongeoorloofde sensuurmeganisme gebruik word. As dit in verband gebring word met die neiging tot steeds meer sensasie- en skokberiggewing van die moderne tyd, kan dit wel die uitwerking hê dat die goeie sêde geskaad en die staatsveiligheid in gedrang gebring word.⁽²⁶⁾

Positiewe interne sensuur:

Om egter uit bostaande af te lei dat alle koerantmense, selfs 'n meerderheid, die waarheid opsetlik of uit nalatigheid geweld aandoen, sou self 'n ver-gryp teen die waarheid wees. Omdat hulle self beseft hoeveel geleentheid die perspraktyk vir valse beriggewing laat, tref die meeste eerbare koerantbase strenge voorsorg. In baie gevalle ontvang elke nuwe personeellid by aanstel-ling 'n handleiding waarin die blad of maatskappy of organisasie se beleid saam-gevat word.

Die Style Book and Directive wat die Johannesburgse Star in 1960 vir sy per-soneel uitgegee het, begin met die woorde: „The aims of the Star should be ac-curacy, clarity, conciseness and good taste.”⁽²⁷⁾

Nadat verklaar is dat „too many newspapers are written in a slipshod, tur-gid and careless manner,”⁽²⁸⁾ word met betrekking tot korrektheid verklaar : „Accuracy is the bed-rock without which no newspaper can be good. A news story, however well written, would, if inaccurate, be better out of the paper. Remem-ber that no mistake, no matter how trivial, escapes entirely undetected. Recog-nized inaccuracies on one page suggest mistakes throughout the paper, and so lower the tone of the whole paper in the reader's mind.

„Usually mistakes are due to the slackness of the writer, the unwillingness to take the necessary trouble to verify facts or spelling, particularly where names and initials are concerned. The amplest correction cannot make up for the initial blunder. It humiliates the newspaper, and it never satisfies the victim.

„Next to accuracy comes fairness. The story which has only one side to it has not yet developed. Get the other side.”⁽²⁹⁾

'n Gedrukte uitgawe van dieselfde aard is o.m. vir die nuuspersoneel van die S.A.U.K. beskikbaar. Dit maak deel uit van 'n uiteensetting van die S.A.U.K.-be-leid, gedateer 16 Maart 1962.

In die gepubliseerde gedeelte van hierdie beleidstuk⁽³⁰⁾ word verklaar:

(26) Vergelyk voetnoot (18).

(27) Star, The, Style book and Directive, p. 1.

(28) Ibid, p. 5.

(29) Ibid.

(30) S.A.U.K., Writing news for radio, p. 22.

„Die Nuusdepartement se funksie sal wees om feitelike en onbevooroordeelde nuus en inligting van streeks-, nasionale, internasionale en algemene aard vir uitsending te versorg.

„Alle nuus en inligting sal objektief, onpartydig en op grond van feitelike nuuswaarde aangebied word.

„Alle pogings sal aangewend word om albei kante van 'n polemiese aangeleentheid ewewigtig te beklemtoon.

„Ministeriële verklarings oor staatsbeleid en ministeriële verduidelikings van wetgewende maatreëls word beskou as feitelike nuus en as sodanig behandel.

„Kommentaar in die vorm van verklarings of verduidelikings mag slegs uitgesaai word wanneer dit afkomstig is van 'n gesagdraende persoon, 'n erkende deskundige of 'n segsman in sy amptelike hoedanigheid ten behoeve van 'n organisasie of liggaam, of amptelik van sodanige organisasie of liggaam.”

Op bladsy 2 en volgende bladsye van dié S.A.U.K.-beleidstuk word spesifieke opdragte uitgereik in verband met misdaad en sensasie, opsweping en paniek, beroepe, selfmoord, godsdienst e.d.m.

In verband met goeie smaak lui die opdrag: ⁽³¹⁾ „Alle berigte, afgesien van hul aard, moet voldoen aan die S.A.U.K. se vertolking van goeie smaak. Dit sal gewoonlik betrekking hê op liggaamlike gebreke, wanstaltighede, rasse- of kleurkwessies, mediese besonderhede of verwysings na dele van die menslike liggaam, onkiese besonderhede van dronkenskap of verslaafdheid aan verdowingsmiddels, loterye en dobbelary. Besonderhede oor foltering, teregstellings en van lyding van mens en dier sal nie uitgesaai word nie.”

In die gepubliseerde handleiding word die nuusmanne van die S.A.U.K. in hierdie verband daaraan herinner dat oues van dae en gestremdes onder die S.A.U.K. se getrouste luisteraars tel en dat die nuusuitsending deur die hele gesin gehoor sal word. ⁽³²⁾

Die algemene beleid wat die S.A.U.K. se nuusdienste ten grondslag lê, is dat „gewens bloot uitgesaai sal word ter verspreiding van inligting en om die nuuswaardige gebeure van die dag in die Republiek en die buiteland feitelik, onpartydig en sonder verdraaiing in 'n duidelike en ondubbelsinnige styl weer te gee. Dit sal ook die beleid van die Korporasie wees om te alle tye teen onjuisthede te waak.” ⁽³³⁾

Uit die voorgaande is dit duidelik dat, as opdragte en voorskrifte voldoen-

(31) S.A.U.K.-beleid, p. 2.

(32) Writing news for radio, p. 24.

(33) Ibid, p. 25.

de was om 'n volmaakte nuusdiens te verseker, niemand ooit rede tot klagte oor die nuusdiens van bv. die S.A.U.K. of The Star sou gehad het nie.

In 'n referaat oor die beleid van 'n koerant het mnr. P.J. Cillie, hoofredakteur van Die Burger, op 23 Maart 1965 te Stellenbosch verklaar dat opvattinge dat 'n handvol manne by een of ander koerant besig sou wees om hul persoonlike politieke voorkeur en bose oogmerke aan ander op te dwing, dikwels „oorvereenvoudig, oorgedramatiseer en propagandisties verdraaid is, maar dit bevat 'n element van realiteit in die sin dat 'n koerant tog wel deur mense beheer en gemaak word. Dit daal nie elke oggend soos manna uit die hemel neer nie. Dit het 'n natuurlike, menslike oorsprong, en die aard van wat u op u ontbyttafel te lees kry (as die aflewering nie laat is nie), word bepaal deur die soort mense wat die koerant oprig, bestuur en skrywe.”⁽³⁴⁾

Oor direksiebeleid en stofkeuse spreek Cillie hom soos volg uit: „'n Direksie, as trustee van die aandeelhouders, kan nie toelaat dat 'n redaksie 'n koerant uitgee wat so sleg of so goed is dat al hoe minder mense dit lees nie. Ek sê met opset ,of so goed', omdat dit moontlik is om 'n koerant uit te gee wat, sub specie aeternitatis, of volgens die mening van die beste mense, só voortreflik is dat dit nie verkoop kan word nie. 'n Goeie kwaliteitskoerant gee aan sy lesers elke dag nie net wat hulle wil hê nie, maar 'n aansienlike hoeveelheid materiaal wat hulle behoort te wil hê - materiaal wat aan hulle voorgelê word as 't ware ten spyte van hulle self. Ek dink dit is die beroemde Garvin van die Londense Observer wat gespog het dat hy sy koerant tot sukses gevoer het ,by giving the public what they did not want'. Maar daar is klaarblyklike perke aan so 'n beleid. Die koerant moet ook die oppervlakkige behoefte aan nuus en vermaak van verbygaande aard bevredig, anders kom hy die mas nie op nie.”⁽³⁵⁾

Oor die koerant se taak tot leierskap in die samelewing spreek Cillie hom soos volg uit: „Eerste met alles is 'n goeie leuse vir 'n lewendige koerant. Maar eerste beteken nie net eerste met nuus van 'n motorongeluk of die dood van 'n bekende man nie. Dit beteken ook eerste met die onsigbare gebeurtenisse in die gees van mense. 'n Meningvormende koerant moet selfs nie net weerspieël wat klaar in mense se gedagtes omgaan nie: hy moet as 't ware weet wat hulle môre gaan dink of behoort te dink, en hy moet daardie gedagtes tot rypheid bring.”⁽³⁶⁾ }

Interne sensuur op 'n koerant kan alleen tot sy reg kom as die koerant en sy

(34) Cillie, P.J., Die beleid van 'n koerant, p. 3.

(35) Ibid. p. 7.

(36) Ibid, p. 15.

redaksie die vermoë tot die skerpste selfkritiek behou. Cillie se gevolgtrekking in hierdie verband is: „n Goeie koerant mag nooit selfvoldaan wees nie. Hy moet ten minste so krities wees oor homself as wat hy is oor ander en hulle sake...Hoe skerp u kritiek op die koerant (Die Burger) ook al mag wees, twyfel ek of dit ooit skerper is as die selfkritiek wat van tyd tot tyd binne die organisasie uitgeoefen word....Koerantmanne is hul eie skerpste kritici, of behoort dit te wees. Op hul beste is hulle deeglik bewus van standarde van voor-treflikheid sô hoog dat hulle aanhou om daarna te strewe sonder om dit ooit te bereik. Een so n standaard is akkuraatheid. Ons het n gesegde by Die Burger dat die koerantman moet strewe na 110 persent akkuraatheid, want nadat die berig sy hande verlaat het, is daar nog so baie moontlikhede van foute dat hy bly kan wees as daar op die ou end 100 persent akkuraatheid oorbly. Vanweë die haas waarin en die druk waaronder dagbladjoernaliste moet werk, sluip foute nie net in nie, hulle storm partykeer in, en ek kan u verseker dat dit vir ons meer pyn gee as vir u, want lelike foute ondermyn die geloof^{waardig}baarheid van die koerant langs die hele front.”⁽³⁷⁾

Ander standarde wat Cillie behandel, is taalgebruik: „Dikwels is dit veel makliker om n onderwerp te behandel in n hoogdrawende abrakadabra as in die taal van die evangelies....Ook hier lê n stryd wat nooit eindig nie, en wat dikwels hartverskeurend moeilik is.”⁽³⁸⁾

Met betrekking tot die standaard van billikheid, veral teenoor politieke of ander teenstanders, stel Cillie die volgende standpunt: „Daardie standarde vereis seker nie dat ons byvoorbeeld aan opposisiesprekers dieselfde ruimte moet afstaan as aan Nasionaliste nie. Ons is op stuk van sake n Nasionale koerant met n oorwegend Nasionale leserskring wat n voorkeur het vir wat hul eie mense te sê het. Maar ons beskou dit wel as ons plig om ons lesers op hoogte te hou van belangrike opposisiestandpunte, en dit moet regverdig en korrek weergegee word.”⁽³⁹⁾

Vroeër is na die voer van kruistogte deur koerante verwys en aangetoon dat sodanige kruistogte tot allerlei bedenklike praktyke kan lei. Cillie stel ook hierdie saak ~~suiver~~ in sy bespreking van die standarde van debattering: „Ons hou ons eie kommentaar so ver binne die parlementêre perke as ons kan, en ons waak ook dat lesers in hul briewe daardie perke nie oorskry nie. Ons probeer

(37) Ibid, p. 16, 17.

(38) Ibid, p. 18.

(39) Ibid.

veg ad rem, nie ad hominem nie, ten einde die minimum van persoonlike bitterheid te versprei. Daar is haat genoeg in die land dat koerante dit nog ook moet uitpomp. Maar ons hou van 'oop gesprekke' tussen volwasse mense in ons kolomme....." Man wat 'n eerlike mening het en dit beskaaf kan uitdruk, kan reken op die gasvryheid van Die Burger se meningskolomme of ons met hom saamstem of nie."⁽⁴⁰⁾

As alle koerantmanne die resep van Die Burger toegepas het, sou staatsensuur in Suid-Afrika 'n vyfde wiel aan die wa en 'n oorlas gewees het. Maar die keur van die Suid-Afrikaanse joernaliste maak nie die hele personeel van die koerante uit nie. Hierbo is die mening van Cillie aangehaal dat koerante „te goed" kan wees.⁽⁴¹⁾ In plaas van die „te goed" gryp sommige Suid-Afrikaanse joernaliste na die teenoorgestelde, die ultra-sensasionele. Aanhalinge van enkele koerantopskrifte kan dien om hierdie tendens te illustreer: „Regter kritiseer koerante: Goedpraat van dagga moet misdaad word";⁽⁴²⁾ „Sensasiejagters in aksie";⁽⁴³⁾ „Man in hof op klag oor staatsgeheime";⁽⁴⁴⁾ „Security clampdown on armed forces".⁽⁴⁵⁾ Met aanhalings van hierdie aard kan tot die on-eindige voortgegaan word. Almal spreek dieselfde taal: amptelike onrus oor buitensporigheid; onverantwoordelike beriggewing; staatsgevaarlike mededeling; be-drywigheide wat op spioenasie kan dui.

En dit is op hierdie kruispunt dat staat en pers die afgelope jare al hoe meer vierkant teenoor mekaar te staan kom; waar die staat - klaarblyklik met reg - aanvoer dat die pers as geheel nie afdoende meewerk om die belange en die veiligheid van die staat te verseker nie, terwyl sommige persmanne op hul beurt kla dat die persvryheid bedreig word.

Opsommenderwys kan as stelling neergelê word dat daardie mate van interne sensuur, selfkritiek en selfbeheersing wat globaal deur die Suid-Afrikaanse koerante toegepas word, deur die staat ontoereikend geag word om die staatsveiligheid in alle opsigte te verseker, in die besonder in die omstandighede van die sogenaamde koue oorlog waarby Suid-Afrika sedert omstreeks 1946 al hoe dieper betrek word. Op hierdie aspek word veral in Hoofstuk VII nader ingegaan.

(40) Ibid, p. 19.

(41) Vergelyk voetnoot (34)

(42) Die Vaderland, 24/10/1967, p. 7.

(43) Byvoegsel, Die Burger, 23/7/66, p. 7.

(44) Die Transvaler, 7 September 1967.

(45) The Star, 8/3/67, p. 1.